



MNR. TREVOR OERTEL, die mens-pa van vier 11 maande oue jagluiperds, speel met twee van sy "kinders" nadat hulle al vier operasies om groeisels te verwyder by die Onderstepoort- Veterinêre Akademiese Hospitaal (OVAH) van die Universiteit van Pretoria (UP) se fakulteit veeartsenykunde op Onderstepoort net buite Pretoria, ondergaan het.

FOTO: CHRIS VAN BLERK

Jagluiperdjies nou weer perdfris

■ FANIE VAN ROOYEN

PRETORIA. – Wat 'n vreemde familie: Vier jong jagluiperdboeties en -sussies (Sahara, Tosha, Sara en Getty) en mnr. Trevor Oertel – die mens-pa wat hulle met die hand grootgemaak het.

Dié ongewone "gesin", wat op die dorp Vrede in die Vrystaat woon, het vandeeweek die tog na Pretoria aangepak sodat al vier Oertel se "kinders" geopereer kan word.

"Al vier dié jagluiperds is ingeënt toe hulle nog welpies was. Gevolglik het al vier gewasse op hul boude ontwikkel waar hulle destyds vir die inenting ingespuit is.

Hulle moes dus al vier geopereer word om dié gewasse te kan verwyder," het mnr. Chris van Blerk, woordvoerder van die Universiteit van Pretoria (UP) se fakulteit veeartsenykunde op Onderstepoort net buite Pretoria, gesê.

Sahara, Sara, Tosha en Getty, wat elk 11 maande oud is, is Dinsdag deur dr. Johan Marais van die Onderstepoort- Veterinêre Akademiese Hospitaal (OVAH) verbonde aan dié fakulteit, geopereer.

Hulle is dieselfde dag terug na hul tuiste op Vrede en sterk volgens Oertel baie goed aan.

"Die meisiekinders is effens

skaam, want die helfte van hul "broekies" is vir die operasie afgeskeer, maar behalwe daarvoor gaan dit baie goed met hulle."

Hoewel dié vier groot katte, wat Maandag in Pretoria aangekom het, eintlik aan die South African National Birds of Prey Centre and Wild Life Sanctuary behoort, bly hulle volgens Van Blerk tans by Oertel.

Oertel het sy "kinders" met die hand grootgemaak nadat hulle destyds deur hul ma verwerp is.

Tans volg dié vier 'n loopbaan in opvoedkundige jagluiperd-programme – waar hulle mense meer van hulself en hul soort kan leer.

